Kurrikulum Direktoraat: AOO			LESPLAN
Vak	**Afrikaans Huistaal**	**Kwartaal**	**1**
Graad	**5**	**Week**	**1**
Aanbeveling	➢ Voer informele, gestandaardiseerde basislynassessering en -oriëntering gedurende die eerste 3 dae van die kwartaal in Week 1 (Dag 1 tot 3) uit. ➢ Die data kan dan gebruik word om leergapings te identifiseer. ➢ Hierdie inligting kan dan gebruik word om daaropvolgende onderrig- en leeraktiwiteite in te lig.		
Skakel met onderrig–en assesseringsplan	**Luister en Praat** : Luister na 'n storie • Identifiseer hoofgedgates en besonderhede • Bring met eie ervarings in verband • Bespreek en gee opinie • Neem aan groepbesprekings deel, soos kwessies wat met die teks verband hou **Lees en Kyk :** Lees 'n storie. • Pre-lees: Maak voorspellings wat op die titel en prente gebaseer is • Gebruik leesstrategieë soos voorspelling; gebruik klank- en kontekstuele leidrade • Bespreek nuwe woordeskat uit die teks **Skryf en Aanbied** : Skryf 'n storie • Voorafskryf: lees die storie en bespreek die struktuur, taalgebruik, doel en gehoor • Selekteer toepaslike inhoud vir die doel • Gebruik toepaslike taal- en teksstruktuur • Gebruik die korrekte formaat • Skryf 'n kort opsomming van die storie **Taalstrukture en konvensies : *Werk met woorde*** • Afbreek van woorde • Woorde met d/t; v/f • Lettergrepe en klankgrepe ***Werk met sinne*** • Sinsoorte• Tydsvorme		
Inleiding	**TEMA: Gek oor sokker** • Praat oor die rol en nut van sport in ons lewens.		
Konsolidasie	• 'n Opsomming gaan geskryf word oor die leesstuk wat die leerders gebruik het tydens die lesse. • Lees daagliks, ten minste vir 15 minute.		
Papiergebaseerde bronne: Werkkaart met vrae ; Woordeboek; Koerante en tydskrifte; DBO-boek 1– Graad 5		**Digitale bronne:** https://wcedeportal.co.za/curriculum-support https://youtu.be/al3CDaY9H_E https://youtu.be/SyyOahYXhUQ (Volkslied)	
AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER	**VAARDIGHEDE** **(WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**ONDERRIGMETODOLOGIEË / BENADERING** **(HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**Hulpbronne / LOOM** **(WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun ...)**
	Luister en Praat Luister na 'n storie • Identifiseer hoofgedagtes en besonderhede • Bring met eie ervarings in verband • Bespreek en gee opinie • Neem aan groep-besprekings deel, soos kwessies wat met die teks verband hou	Leerders kyk na die prent en beantwoord die vrae mondelings as 'n klasgesprek. Leerders moet egter die geleentheid kry om oor die vrae te dink en dan te reageer. Nadat die onderwyser die stuk vir die leerders gelees het kan hulle die denkkaart voltooi. Gee leerders geleentheid om terugvoering te gee. Die volkslied van Brasilië kan ook gespeel word. 'n Gesprek kan volg van hoe die volkslied verskil van Suid-Afrika s'n en hoe voel jy as ons volkslied speel by 'n internasionale sportgebeurtenis.	**<u>Aktiwiteit 1</u>** DBO – Graad 5 – Boek 1, bl. 2 https://youtu.be/SyyOahYXhUQ (Volkslied)
	Lees 'n storie • Pre-lees: Maak	Leerder doen vluglees en voltooi die tabel. Laat hulle hul	**<u>Aktiwiteit 2</u>** DBO – Graad 5 – Boek 1, bl. 2

	voorspellings wat op die titel en prente gebaseer is • Gebruik leesstrategieë soos voorspelling; gebruik klank- en kontekstuele leidrade • Bespreek nuwe woordeskat uit die teks	antwoorde bespreek met iemand anders. Die belangrikste is dat hulle voorspellings moet maak.. Hierna soek hul 3 woorde op in die woordeboek en skryf dit neer. Blokkiesraaisel word voltooi deur van die leidrade te gebruik. Laat hul woordsoek en die ander vrae voltooi.	
	Skryf en Aanbied Skryf 'n storie • Voorafskryf: lees die storie en bespreek die struktuur, taalgebruik, doel en gehoor • Selekteer toepaslike inhoud vir die doel • Gebruik toepaslike taal- en teksstruktuur • Gebruik die korrekte formaat • Skryf 'n kort opsomming van die storie	Wys vir die leerders die video. Dit is nie van kardinale belang nie, maar dit sal help vir dit wat werklik gebeur het. Leerders beplan hul opsomming van Pele se lewe in hul DBO-boek op bladsy 5. Sodra dit deur al die stappe van die skryfproses gegaan het moet hulle die finale weergawe op gegewe plek skryf. Dit moet verkieslik tussen 50-60 woorde wees.	**Aktiwiteit 3** : DBO – Graad 5 – Boek 1, bl. 2 https://youtu.be/al3CDaY9H_E
	Taalstrukture en Konvensies ***Werk met woorde*** • Afbreek van woorde • Woorde met d/t; v/f • Lettergrepe en klankgrepe ***Werk met sinne*** • Sinsoorte • Tydsvorme	Die begrippe moet deeglik vasgelê word aangesien dit belangrik is vir spelling. Kyk na die webwerf en video indien u sukkel om die begrippe vas te lê. Leerders doen die aktiwiteite en die vrae moet as klas bespreek word.	**Aktiwiteit 4** : https://www.beterafrikaans.co.za/website/index.php?pag=165 https://www.youtube.com/watch?v=3wfF5JgLaQY&ab_channel=MarynaMoolman
AKTIWITEITE VIR DIE OUER	Net soos wat onderwysers sal onderrig. Gebruik tyd om ten minste 15 minute saam met u kind te lees.	Praat met u kind oor die waarde van sport. Wys vir hulle die video's van PELE. Dit gaan vir hulle help om te verstaan watter merkwaardige gebeurtenis dit was. Verduidelik die konsepte so volledig as moontlik en laat u kind die woordeboek gebruik. Bespreek die vrae met hulle en gaan die antwoorde met hul deur.	Woordeboeke kan gebruik word om nuwe woordeskat aan te leer soos nodig.

AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER	**Leerderaktiwiteite:** 1. **Luister en Praat** – Kyk na foto. Bespreek vrae wat daarop volg. Jy sal moet dink oor jou denke. 2. **Lees en Kyk –** Doen aktiwiteit 2. Bespreek die antwoorde met jou ouers/onderwyser. 3. **Skryf en Aanbied** – Beplan jou opsomming so volledig as moontlik. Skryf finale produk sodra jy gebruik gemaak het van die skryfproses. 4. **Taalstrukture en Konvensies** – Doen Aktiwiteit 4 so volledig as moontlik. Woorde en sinne is binne die konteks van die leesstuk wat behandel is. 5. **Lees** vir ten minste **15 minute** per dag. Net vir die pret daarvan.

Aktiwiteit 1 :

Kyk na die foto en beantwoord die vrae wat daarop volg mondelings.

1.1 Watter sportsoort word in die foto uitgebeeld?

1.2 Gee ‘n gepaste opskrif vir hierdie foto.

1.3 Dink jy dat wat op die foto is, dat dit regtig gebeur het of dink jy die foto is aangepas sodat ons moet dink dit is werklik? Motiveer jou antwoord.

1.4 Wat, dink jy, het gebeur direk nadat hierdie foto geneem is?

1.5 Weet jy wie is hierdie bekende sokkerspeler? Indien wel, wie is dit?

1.6 Van watter sport hou jy die meeste van? Hoekom?

1.7 As jy op die oomblik enige sportheld kan wees, wie sal dit wees? (Motiveer jou antwoord.)

1.8 Luister nou na die storie van hierdie merkwaardige sportman en voltooi die denkkaart wat volg.

FEIT/ GEBEURTENIS	
BESONDERHEDE WAT VIR JOU UITSTAAN	
WAARAAN DINK JY NOU?	
HOEKOM DINK JY SO?	

Teken 'n prent van hierdie **besonderse gebeurtenis** soos wat jy hier bo bespreek het.

Aktiwiteit 2 :

2.1 Werk op jou eie. Vluglees die teks, "**Pele – Gek oor sokker**", DBO - Graad 5 – Boek 1 - bl.2 en voltooi die tabel. Vergelyk dan jou antwoorde met dié van jou maats. Bespreek julle verskille en maak 'n finale besluit oor watter antwoord korrek is.

Vluglees	Skryf neer wat jy gesien of gelees het.
Lees die opskrif.	
Kyk na die prent.	
Maak 'n stadige s-beweging met jou vinger oor die teks en kyk of jy woorde kan raaksien wat meer inligting gee.	
Lees die laaste paragraaf.	
Voorspelling : Waaroor dink jy gaan die teks handel?	
Motiveer jou antwoord: Waarom sê jy so?	

2.2 Lees die gedeelte weer deur. Kies 3 woorde wat vir jou vreemd is. Gebruik 'n woordeboek om hul betekenis te vind.

Woord	Betekenis

2.3 Voltooi die blokkiesraaisel deur gebruik te maak van die leidrade wat aan jou voorsien word.

Al die antwoorde kom uit die leesstuk.



DWARS

2. wat betrekking het op 'n bepaalde plek; in 'n bepaalde plek
6. aanvaar/glo/vermoed (dat)
10. 'n aantal; meer as een; verskillende
13. amptelike, nasionale lied van 'n staat, wat by feestelike en plegtige geleenthede gespeel (en gesing) word
14. beslissende wedstryd van 'n reeks; finale wedstryd
15. 'n kompetisie om vas te stel watter speler/span/ens. die beste in 'n bepaalde sport is

AF

1. baie goed bekend
3. oor iets jammer wees/voel
4. 'n inrigting wat naskoolse/tersiêre onderwys gee en grade toeken
5. iets wat baie mooi/lekker/aangenaam is
7. bereik/regkry wat jy wou bereik/regkry
8. baie van iemand/iets hou
9. vooruit dink en vir iets planne maak
11. 'n fase van ontwikkeling; 'n tydperk/periode
12. regverdigheid wat betref hoe mense behandel word en wat hulle mag doen

2.4 Omkring die versteekte woorde nadat jy dit gevind het. Dit kan horisontaal, vertikaal of diagonaal wees.

k	s	y	v	j	h	w	v	o	l	k	s	l	i	e	d	j	f	k	v	i	p	v	b	g
w	w	s	k	u	c	z	o	z	y	d	d	k	c	g	m	e	p	e	n	t	f	m	k	m
y	u	u	t	a	o	j	j	l	g	e	k	e	a	p	p	b	e	r	o	e	m	d	l	h
s	j	v	k	e	t	z	d	e	j	e	a	r	n	m	r	j	h	y	w	i	f	u	y	k
t	t	s	u	k	s	e	s	v	o	l	z	x	f	x	o	d	w	v	j	j	b	g	t	z
r	p	k	w	n	s	v	e	r	o	n	d	e	r	s	t	e	l	w	y	n	q	h	q	p
z	m	o	x	a	k	z	z	f	y	l	p	x	u	r	s	c	h	i	a	f	w	q	p	d
k	c	w	b	x	b	b	e	p	l	a	n	k	p	e	p	x	o	w	i	v	m	k	b	r
w	t	z	l	r	y	g	q	x	e	v	f	i	h	g	l	p	s	i	x	e	a	v	e	o
i	b	y	v	j	v	s	i	y	j	h	v	h	d	t	l	x	l	f	y	m	l	v	f	o
d	t	f	e	g	i	m	v	n	l	q	r	w	o	e	r	b	q	a	p	i	c	o	h	m
z	u	n	k	b	d	e	i	n	d	s	t	r	y	d	z	v	d	i	a	z	s	z	y	f
i	s	q	c	n	g	s	n	k	y	r	e	k	p	t	v	o	o	p	i	s	h	x	d	z
r	u	f	f	m	t	a	k	l	x	r	y	j	j	i	z	e	f	p	i	u	l	p	w	w
f	r	n	g	a	z	o	j	k	r	a	b	j	b	w	n	x	i	t	m	z	m	i	t	m
l	g	k	d	n	p	k	t	z	d	o	c	u	o	s	o	r	g	a	v	c	n	z	k	x
h	a	i	h	d	i	h	o	i	p	j	d	s	k	f	h	v	m	z	z	r	s	x	n	e
g	u	g	h	i	q	n	l	e	j	g	n	a	u	n	i	v	e	r	s	i	t	e	i	t
m	o	y	k	f	l	b	l	l	u	y	p	s	r	w	j	k	k	o	v	s	p	y	t	d
w	g	z	v	e	r	s	k	e	i	e	u	t	b	v	a	q	a	w	l	z	w	f	r	i

A. verskeie
B. spyt
C. stadium
D. droom
E. eindstryd
F. suksesvol
G. universiteit
H. volkslied
I. veronderstel
J. kampioenskap
K. gek
L. beroemd
M. regte
N. plaaslike
O. beplan

2.5 Wie is die **hoofkarakter** in die storie? _____

2.6 **Waarom** dink jy is hy die hoofkarakter? _____

_____

2.7 Skryf in jou eie woorde neer **waar** die storie hom afspeel ? _____

_____

_____

2.8 Gebruik jou eie woorde om die **hoofgedagte** van die storie neer te skryf.

_____

_____

Aktiwiteit 3 :

Jy gaan nou 'n **opsomming** van die storie oor **Pele** skryf. Dit moet tussen **50-60 woorde** wees. Gebruik die geheuekaart op bl.5 van jou DBO-boek om jou storie te beplan. Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer. Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan. Skryf dan jou finale weergawe hier neer.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Aktiwiteit 4 :



4.1 Gebruik bogenoemde en voltooi die tabel. Alle woorde is binne konteks soos in die leesstuk op bl. 2 van die DBO-boek.

Woord	Lettergrepe	Klankgrepe
probeer		
volkslied		
beplan		
sokker		
ouderdom		

4.2

SPELLING

As jy nie seker is of die woord met 'n **d** of 'n **t** eindig nie, sê die meervoud of vorm 'n ander woord. Dan sal jy kan hoor watter letter dit moet wees, bv. hond – honde, goed – goedere, maar voet – voete. **V** staan nooit aan die einde van 'n woord of lettergreep nie.

Vul in **f** of **v** en **d** of **t**:

My ma het ___ir my boetie 'n ___iets gegee toe hy sy ___y ___tiende ___erjaarsdag ge___ier het.

Ek het jaloers ge___oel, maar oor ___ier maande ___erjaar ek ook, dan hoop ek dat ek 'n skaatsplank sal kry.

Ek het beslui___ om 'n ter___ en beskui___ te bak. Die hon___ was astran___ en he___ die ter___ verorber.

4.3

Watter **tipe sin** is die volgende ? Merk in die **regte kolom** met 'n √.

	Stel-sin	Vraag-sin	Uitroep-sin	Bevel-sin
(a) Wie is hierdie seun?				
(b) Dit moet 'n droom wees!				
(c) Hoe het hy by die Wêreldbeker uitgekom?				
(d) Op 14 het hy vir 'n plaaslike sokkerklub gespeel.				
(e) Hy is op 14 uit die skool en het by 'n skoenfabriek gaan werk.				

4.4 Verander die onderstaande sinne van toe(verlede tyd) na nou (teenwoordige tyd).

Byvoorbeeld

Pele het in 'n klein dorpie in Brasilië gewoon.

Pele woon in 'n klein dorpie in Brasilië.

(a) Waarom was Pele so suksesvol?

_____

(b) Hy het sy eie sokkerklub gestig.

_____

(c) Hy het baie sokkerspelers gehelp.

_____

(d) Hy het die skool verlaat om sokker te speel.

_____